# Media Werkswinkel in Wes-Kaap

'N STREEKSGEBONDE werkswinkel rondom die kwessie van die vryheid van die pers het op Saterdag 8 Oktober 1988 in Stellenbosch plaasgevind. Dié werkswinkel was 'n gesamentlike projek van die Stellenbosche Aktuele Aangeleentheidskring (SAAK) en die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (IDASA).

Die oogmerk van die werkswinkel was om te fokus op persvryheid in Suid-Afrika. Daar is ook gekyk na die regsimplikasies van persbeheermaatreëls en moontlike verdere stappe wat teen die pers geneem kan word deur die huidige regering. 'n Verdere doel van die werkswinkel was om media-mense in dié streek bymekaar te bring en geleentheid te gee om inligting en ervarings te deel.

Die werkswinkel is bygewoon deur 32 afgevaardigdes van verskillende publikasies en media-projekte. Hierdie media-projekte en publikasies het ingesluit *Die Suid-Afrikaan, South, Grassroots, New Era, Saamstaan, Democracy in Action* en *Molo Songololo*. Verskeie verteenwoordigers van studentepublikasies, waaronder *Die Matie* (publikasie van die studente-unie van die Universiteit van Stellenbosch), *Kampuskruis* ('n Christelike publikasie op Stellenbosch) en *Anderkrant* (die publikasie van NUSAS-Stellenbosch) het ook die werkswinkel bygewoon. Lede van die Save The Press-komitee was ook teenwoordig.

Die werkswinkel het afgeskop met 'n breë inleiding deur Chris Heymans (Rhodes) waarin hy aangetoon het dat staatsmag in Suid-Afrika toenemend gesentraliseer word. Parallelle strukture soos die Nasionale Veiligheidsbestuurstelsel speel hierin 'n groot rol. Mnr. Heymans se referaat is opgevolg deur 'n referaat oor die omvattende beperkinge waaronder die pers in Suid-Afrika gebuk gaan. Hugh Corder (Universiteit van Kaapstad) het daarop gewys dat daar 'n doelbewuste poging is om wettige gapings rondom publikasies toe te stop. Die gevolg is toenemende drakoniese maatreëls en minder geleentheid tot handhawing van 'n relatief-vrye en onafhanklike pers in Suid-Afrika.

Die referate is opgevolg deur 'n paneelbespreking. Tydens die bespreking het verskeie publikasies gewys op stappe wat teen hulle geneem is vanaf owerheidsweë om hulle te muilband of om publikasie van gegewens te bemoeilik. Die gehoor kon op dié manier eerstehands verneem van die druk wat op die media in Suid-Afrika uitgeoefen word.

Hierna het Eric Louw van die Kontemporêre Kulturele Studie-Eenheid van die Universiteit van Natal die huidige ontwikkelinge in die media-wêreld tot bespreking gebring.

Demokratiese en deelnemende media-strukture, breë gemeenskapsbetrokkenheid en die produktiewe benutting van media-gapings is bespreek.

Daar is aangetoon dat inisiatief en volhardende deelnemende media-tegnieke publikasie moontlikhede kan vergroot — selfs te midde van die bestaande onderdrukkende wetgewing. Mnr. Louw se referaat was 'n voorbeeld van 'n hoopvolle en kreatiewe uitkyk op die toekoms van die media. 'n Indringende groeps- en vloerbespreking het gevolg.

Die werkswinkel het daarin geslaag om Afrikaans, Engels en Xhosatalige gemeenskaps- en studentepublikasies bymekaar te bring. Dit het gelei tot die uitruil van inligting en ervaring. Dit het ook die deelnemers se vasberadenheid versterk om te werk vir 'n vrye, nie-rassige demokratiese Suid-Afrika: 'n Suid-Afrika vry van apartheid en die reste daarvan. Die terugvoer wat deur geskrewe en mondelinge evaluasie verkry is, het daarop gedui dat dit 'n funksionele en geslaagde werkswinkel was. Die deelnemers se voorstelle dat verdere werkswinkels van dié aard gedurende 1989 behoort plaas te vind, verdien tans aandag.

**SUMMARY:**

This regional media workshop brought together 32 people from 12 publications for an intensive one-day workshop on press freedom. Participants came from Afrikaans and English community and student media. In a written evaluation the participants gave the workshop a 73% average rating and suggested further such workshops.

## Recent IDASA Occasional Papers

7. **THE DYNAMICS OF REFORM & REVOLT IN CURRENT SOUTH AFRICA**
   Dr F. van Zyl Slabbert
   A Three Part Talk as Tanner Lecturer, Brasenose College, Oxford, October/November 1987.
   **Lecture 1: From Apartheid to Reform: The Ideological Preparation for the Total Onslaught.**
8. **THE DYNAMICS OF REFORM & REVOLT IN CURRENT SOUTH AFRICA**
   Dr F. van Zyl Slabbert
   **Lecture 2: The Dynamics of Reform: Co-Optive Domination — Sharing Power without Losing Any**
9. **THE DYNAMICS OF REFORM & REVOLT IN CURRENT SOUTH AFRICA**
   Dr F. van Zyl Slabbert
   **Lecture 3: The Dynamics of Reform: Patterns of Resistance and Revolt.**
10. **DAKAR REPORT BACK**
    Dr Alex Boraine, Executive Director, IDASA, Cape Town (4.8.87).
11. **THE DAKAR REPORTS: RESPONSES FROM SIXTEEN DELEGATES**
12. **A VIEW OF THE ECONOMY BEYOND APARTHEID**
    Five Perspectives from the Seminar held on 22.4.88 in Cape Town.
13. **BEYOND THE BEND: SOUTH AFRICA, SOUTHERN AFRICA AND NAMIBIAN INDEPENDENCE**
    Peter Vale, Research Professor & Director, Institute for Social and Economic Research, Grahamstown (October 1988).

*ALL AVAILABLE AT R2,00 EACH (POSTAGE INCLUDED) FROM*

**IDASA, 1 PENZANCE ROAD, MOWBRAY 7700**